as Accounting Officer of the abovementioned Party in terms of section 8(1)(c) of the KwaZulu-Natal Funding of Represented Political Parties Act, 2008 and declare that I am duly authorized to make the appointment, and that he/she is duly qualified to accept this appointment and has duly accepted the appointment.

PARTY LEADER / WHIP

DATE

KWAZULU-NATAL FUNDING OF REPRESENTED POLITICAL PARTIES ACT, 2008

Act No. 7, 2008

FORM 2**THE SECRETARY****KWAZULU-NATAL PROVINCIAL LEGISLATURE**

**ACCEPTANCE AS ACCOUNTING OFFICER IN TERMS OF SECTION 8(1)(c)
OF THE KWAZULU-NATAL FUNDING OF REPRESENTED POLITICAL
PARTIES ACT, 2008****Name of Party**

Name of Accounting Officer

I, the undersigned,

hereby accept my appointment as Accounting Officer of the abovementioned Party in terms of section 8(1)(c) of the KwaZulu-Natal Funding of Represented Political Parties Act, 2008, and fully understand and subscribe to the provisions thereof and the obligations set out in the Act and the regulations.

I further declare that I am duly authorized to accept this appointment, and do so.

ACCOUNTING OFFICER

DATE

Act No. 7, 2008

KWAZULU-NATAL FUNDING OF REPRESENTED POLITICAL PARTIES ACT, 2008

No. 7

19 Desember 2008

[Engelse teks deur die Premier geteken]

**KWAZULU-NATAL
WET OP BEFONDSING VAN
VERTEENWOORDIGDE POLITIEKE PARTYE, 2008
(No. 07 van 2008)**

Goedgekeur op 05-12-2008

WET

Om voorsiening te maak vir die instelling van die Fonds vir Politieke Partye ten einde demokrasie te versterk en om die politieke wil van burgers van die provinsie KwaZulu-Natal op te voed en ontwikkel deur die aanvullende befondsing van politieke partye op 'n billike en eweredige grondslag; om voorsiening te maak vir die oogmerke en rolle van die fonds; om voorsiening te maak vir die befondsing van die fonds; om voorsiening te maak vir die toewysing aan geregistreerde politieke partye uit die fonds en vir die gebruik van daardie fondse; om voorsiening te maak vir die publikasie van toewysings gemaak uit die fonds; om voorsiening te maak vir die aanspreeklikheid van politieke partye vir toewysings ontvang uit die fonds; om voorsiening te maak vir die verhaling van geld wat onreëlmatig deur politieke partye bestee word; om voorsiening te maak vir onbestede toewysings; om voorsiening te maak vir die bestuur en beheer van die fonds; om voorsiening te maak vir die Speaker om aan die Provinsiale Wetgewer verslag te doen aangaande die fonds se sake en finansiële verslagdoening

daarvan; om voorsiening te maak vir onbestede saldo's indien die Provinsiale Wetgewer ontbind word; om voorsiening te maak vir die formulering van regulasies; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.

DAAR WORD deur die Wetgewer van die provinsie KwaZulu-Natal soos volg bepaal:–

RANGSKIKKING VAN ARTIKELS

Artikel

HOOFSTUK 1 OMSKRYWINGS EN OOGMERK VAN WET

1. Omskrywings
2. Oogmerk van Wet

- ### HOOFSTUK 2 INSTELLING, OOGMERKE EN BEFONDSING VAN FONDS VIR POLITIEKE PARTYE
3. Instelling van Fonds vir Politieke Partye
 4. Oogmerke van Fonds vir Politieke Partye
 5. Befondsing en deponering van fondse in Fonds vir Politieke Partye

- ### HOOFSTUK 3 TOEWYSINGS UIT FONDS VIR POLITIEKE PARTYE
6. Toewysings uit Fonds vir Politieke Partye
 7. Publikasie van toewysings uit Fonds vir Politieke Partye

- ### HOOFSTUK 4 AANSPREEKLIKHEID VAN POLITIEKE PARTYE
8. Rekenskap deur politieke partye vir geld toegewys uit Fonds vir Politieke Partye

- ### HOOFSTUK 5 MONETÊRE BEHEERMAATREËLS, BESTUUR EN VERSLAGDOENING MET BETREKKING TOT FONDS VIR POLITIEKE PARTYE
9. Verhaling van geld onreëlmatig deur partye bestee
 10. Onbestede geld aan einde van finansiële jaar
 11. Bestuur en beheer van Fonds vir Politieke Partye
 12. Verslagdoening van Speaker aan Provinsiale Wetgewer aangaande Fonds vir Politieke Partye
 13. Oudits en finansiële state

Act No. 7, 2008

KWAZULU-NATAL FUNDING OF REPRESENTED POLITICAL PARTIES ACT, 2008

HOOFSTUK 6
ALGEMENE BEPALINGS

14. Ontbinding van Provinsiale Wetgewer
15. Regulasies
16. Likwidasie
17. Kort titel en inwerkingtreding

HOOFSTUK 1
OMSKRYWINGS EN OOGMERK VAN WET

Omskrywings

1. In hierdie Wet, tensy uit die konteks anders blyk, beteken –

“**finansiële jaar**” die tydperk vanaf 1 April in enige jaar tot 31 Maart van die volgende jaar;

“**Fonds vir Politieke Partye**” die Fonds vir Politieke Partye ingestel ingevolge artikel 3;

“**Grondwet**” die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;

“**hierdie Wet**” insluitend die regulasies uitgevaardig kragtens artikel 15;

“**Koerant**” die amptelike *Provinsiale Koerant* van KwaZulu-Natal;

“**Lid van die Uitvoerende Raad verantwoordelik vir finansies**” die lid van die Uitvoerende Raad van die provinsie KwaZulu-Natal verantwoordelik vir finansies;

“**Party**” enige politieke party geregistreer ingevolge artikel 15 van die Wet op die Verkiesingskommissie, 1996 (Wet No. 51 van 1996), en verteenwoordig in die Provinsiale Wetgewer, en “**Partye**” het ‘n ooreenstemmende betekenis;

“**Premier**” die Premier van die provinsie KwaZulu-Natal soos bedoel in artikel 125 van die Grondwet;

"**Provinsiale Wetgewer**" die Wetgewer van die provinsie KwaZulu-Natal;

"**Provinsie**" die KwaZulu-Natal provinsie bedoel in artikel 103(1)(d) van die Grondwet;

"**Sekretaris**" die Sekretaris tot die Provinsiale Wetgewer van die provinsie KwaZulu-Natal;

"**Speaker**" die Speaker van die Provinsiale Wetgewer van die provinsie KwaZulu-Natal;

"**Uitvoerende Raad**" die Uitvoerende Raad van die provinsie KwaZulu-Natal;

"**voorgeskryf**" voorgeskryf deur regulasie kragtens artikel 15, en "**voorskryf**" het 'n ooreenstemmende betekenis; en

"**Wet op die Verkiessingskommissie**" die Wet op die Verkiessingskommissie (Wet No. 51 van 1996).

Oogmerk van Wet

2. Die oogmerk van hierdie Wet is om voorsiening te maak vir die instelling van die Fonds vir Politieke Partye om sodoende –

- (a) veelparty-demokrasie in die Provinsiale Wetgewer te versterk;
- (b) die politieke wil van die publiek op te voed en te ontwikkel om sodoende hul deelname aan politieke lewe te verhoog;
- (c) partye toe te laat om effektief as politieke partye in 'n moderne demokrasie te funksioneer;
- (d) finansiële en administratiewe bystand aan partye te voorsien; en
- (e) voorsiening te maak vir die bestuur en administrasie van die Fonds vir Politieke Partye.

HOOFSUK 2 INSTELLING, OOGMERKE EN BEFONDSING VAN FONDS VIR POLITIEKE PARTYE

Instelling van Fonds vir Politieke Partye

3. Die Fonds vir Politieke Partye word hierby ingestel vir die doel van befondsing van partye wat aan die Provinsiale Wetgewer deelneem.

Oogmerke van Fonds vir Politieke Partye

4. Die oogmerke van die Fonds vir Politieke Partye is –

- (a) om gelde wat in die Fonds gedeponeer is uit bronne gemagtig ingevolge hierdie Wet, te ontvang en te belê; en
- (b) om voorsiening te maak vir die aanvullende befondsing van politieke partye op 'n billike en eweredige grondslag.

Befondsing en deponering van fondse in Fonds vir Politieke Partye

5.(1) Die Fonds vir Politieke Partye word befonds uit –

- (a) geld deur die Provinsiale Wetgewer aan die Fonds vir Politieke Partye bewillig;
- (b) bydraes en donasies aan die Fonds vir Politieke Partye uit bronne goedgekeur deur die Lid van die Uitvoerende Raad verantwoordelik vir finansies, hetsy van binne of buite die provinsie;
- (c) rente verdien op geld gedeponeer ingevolge subartikels (2) en (3) hieronder; en
- (d) geld wat ontvang is of die Fonds vir Politieke Partye toegeval het uit enige ander bron.

(2) Alle geld ontvang deur of tot krediet van die Fonds vir Politieke Partye moet gedeponeer word in 'n aparte bankrekening wat oopgemaak is deur die Sekretaris by 'n instelling geregistreer as 'n bank ingevolge die Bankwet, 1990 (Wet No. 94 van 1990).

(3) Geld in die Fonds vir Politieke Partye wat nie onmiddellik vereis word vir die maak van toewysings aan partye ingevolge artikel 6 nie, kan by die Openbare Beleggingskorporasie bedoel in die Wet op Openbare Beleggingskorporasie, 2004 (Wet No23 van 2004) belê word.

(4) Die bank- en beleggingsrekeninge wat oopgemaak moet word ingevolge hierdie artikel en enige rente verdien op daardie rekeninge moet eksklusief vir die Fonds vir Politieke Partye se voordeel wees, en moet belastingbeskerming geniet en ook apart van enige ander fondse van die Provinsiale Wetgewer verantwoord word.

HOOFSTUK 3 TOEWYSINGS UIT FONDS VIR POLITIEKE PARTYE

Toewysings uit Fonds vir Politieke Partye

6.(1) Elke party is geregtig op toewysing van geld uit die fonds vir Politieke Partye vir elke finansiële jaar dat dit in die Provinsiale Wetgewer verteenwoordig word.

(2) Behoudens subartikel (7) moet geld wat aan 'n party toegewys word, gebruik word vir doeleindes wat verenigbaar is met sy funksionering as 'n politieke party in 'n moderne demokrasie.

(3) Die funksionering van 'n party soos bedoel in subartikel (2) sluit in, maar is nie beperk nie, tot –

- (a) die ontwikkeling van die politieke wil van mense;
- (b) die geld van 'n party se invloed op die vorming van openbare mening;
- (c) inspirasie en bevordering van politieke opvoeding;
- (d) bevordering van aktiewe deelname deur individuele burgers aan politieke lewe;
- (e) uitoefen van 'n invloed op politieke en sosio-politieke neigings; en
- (f) versekering van deurlopende kardinale skakels tussen die mense en staatsorgane en, in besonder, tussen mense en die Provinsiale Wetgewer.

(4) Toewysings uit die fonds vir Politieke Partye moet op voorgeskrewe tye en met tussenposes bepaal en gemaak word, in voorgeskrewe paaielemente, en op die voorgeskrewe wyse.

(5) Die Sekretaris moet geld uit die Fonds vir Politieke Partye toewys aan partye ooreenkomstig 'n voorgeskrewe formule deels gegrond op die –

- (a) eweredigheidstelsel, met inagneming van die betrekking wat die aantal verteenwoordigers van sodanige party in die Provinsiale Wetgewer het op die totale aantal lede in die Provinsiale Wetgewer; en
- (b) billikheidsbeginsel, wat, benewens ander faktore, 'n vasgestelde drumpel in ag neem vir 'n minimum toewysing aan elk van die partye wat in die Provinsiale Wetgewer verteenwoordig word, of 'n gewoë skaal of voorstelling vir 'n toewysing aan elk van die partye wat aan die Provinsiale Wetgewer deelneem.

(6) Die inligting en besonderhede wat nodig is om die voorgeskrewe formule op 'n party toe te pas, moet vasgestel word uit die tersaaklike feite en omstandighede op die tydstip wanneer die toewysing gemaak word.

(7) Geld wat aan 'n party toegewys word, mag nie gebruik word nie vir –

- (a) die doel om enige besoldiging, fooi, beloning, voorvereiste of ander voordeel direk of indirek aan 'n persoon te betaal wat daardie, of enige ander party, in die Provinsiale Wetgewer verteenwoordig, of wat 'n amp onder die staat beklee;
- (b) finansiering of 'n bydrae tot 'n aangeleentheid, saak, gebeurtenis of geleentheid, hetsy direk of indirek, in stryd met enige etiese kode wat die lede of personeel van die Provinsiale Wetgewer bind, na gelang van die geval;
- (c) die doel om direk of indirek 'n besigheid of kommersiële onderneming te stig of te finansier, of 'n reg of finansiële belang in 'n besigheid of kommersiële onderneming te verkry of te handhaaf;
- (d) verkryging van 'n reg of belang in vaste eiendom, van welke aard ookal, buiten waar daardie reg of belang in die vaste eiendom eksklusief deur 'n party gebruik word vir gewone party-politieke doeleindes; of
- (e) enige ander doel wat nie verenigbaar is met die funksionering van 'n politieke party in 'n modern demokrasie, soos bepaal, nie.

(8) Die toewysing van geld uit die Fonds vir Politieke Partye moet beëindig word wanneer die party ingevolge subartikel (1) nie langer kwalifiseer nie.

Publikasie van toewysings uit Fonds vir Politieke Partye

7.(1) Sou gou as moontlik na die einde van elke finansiële jaar, moet die Sekretaris 'n kennisgewing in die Koerant publiseer wat die toewysings wat gemaak is uit die fonds vir Politieke Partye in daardie tydperk uiteensit.

(2) Die kennisgewing vermeld in subartikel (1) moet die volgende inligting vir die betrokke finansiële jaar insluit –

- (a) die openingsaldo van gelde wat deur die Fonds vir Politieke Partye teen die inwerkingtreding van die finansiële jaar gehou word;
- (b) die bedrag en bron van gelde wat in die Fonds vir Politieke Partye betaal is;
- (c) name van die partye aan wie toewysings gemaak is, en die bedrae van daardie toewysings;
- (d) die bedrae wat deur die Fonds vir Politieke Partye ingevolge artikel 5(3) hierbo belê is, en die rente wat daarop verdien is; en
- (e) die eindsaldo van gelde wat deur die Fonds vir Politieke Partye aan die einde van die finansiële jaar gehou word.

HOOFSTUK 4 AANSPREEKLIKHEID VAN POLITIEKE PARTYE

Rekenskap deur politieke partye vir geld toegewys uit Fonds vir Politieke Partye

8.(1) 'n Party waaraan geld toegewys is uit die Fonds vir Politieke Partye moet –

- (a) 'n aparte bankrekening in die naam van die party oopmaak en bedryf by 'n instelling geregistreer as 'n bank ingevolge die Bankwet, 1990 (Wet No. 94 van 1990);
- (b) alle geld ontvang ingevolge paragraaf (a) daarin deponeer; en
- (c) die volgende aanstel –
 - (i) die provinsiale partyleier of partyverteenwoordiger in die Huis indien die partyverteenwoordiger nie die provinsiale leier is nie; of
 - (ii) die hoofswep of die mees senior swep van daardie party in die provinsiale wetgewer,as sy rekenpligtige beampte met betrekking tot die geld wat aan daardie party toegewys word uit die Fonds vir Politieke Partye.

- (2) Die verantwoordelikheid van die rekenpligtige beampte is om verantwoording te gee van die geld wat aan daardie party toegewys is, en sluit in –
- (a) buiten ander pligte wat deur hierdie Wet opgelê word, die plig om te verseker dat die party die vereistes van hierdie Wet nakom; en
 - (b) in besonder, die plig om te verseker dat die toegewese geld nie uitbetaal word vir 'n doel wat nie deur hierdie Wet gemagtig is nie.
- (3) Die rekenpligtige beampte moet op die voorgeskrewe wyse aparte rekeningboeke en -state hou ten opsigte van geld toegewys uit die Fonds vir Politieke Partye, en al die transaksies wat sodanige geld behels.
- (4) Onderhewig aan artikel 14, binne twee maande na die einde van die finansiële jaar moet die rekenpligtige beampte 'n staat voorberei wat –
- (a) alle bedrae ontvang deur die party uit die Fonds vir Politieke Partye gedurende daardie finansiële jaar en die gebruik van toegewese geld toon; en
 - (b) die doeleindes waarvoor die verskillende bedrae gebruik is, beskryf.
- (5) Die rekeningboeke en -state bedoel in subartikel (3) en die staat bedoel in subartikel (4) moet geaudit word deur 'n openbare rekenmeester en ouditeur wat geregistreer is en as sodanig praktiseer ingevolge die Wet op die Ouditprofessie, 2005 (Wet No. 26 van 2005).
- (6) 'n Ouditeur wat 'n audit uitvoer soos bedoel in subartikel (5) moet, in die ouditeursverslag, 'n oordeel uitspreek oor of die toegewese geld bestee is vir doeleindes wat nie deur die Wet gemagtig is nie.
- (7) Onderhewig aan artikel 14, binne drie maande na die einde van die finansiële jaar, moet die rekenpligtige beampte die geauditeerde rekeninge, state en verslag van die ouditeur aan die Sekretaris voorlê.
- (8) Desnieteenstaande subartikel (4) kan die Ouditeur-generaal, te eniger tyd, die rekeningboeke en -state en finansiële state in verband met geld wat aan 'n party uit die Fonds vir Politieke Partye toegewys is, audit.

(9) Behoudens subartikel (10) kan, –

(a) die Sekretaris gelas dat die toewysing van geld aan 'n party uit die Fonds vir Politieke Partye opgeskort word, indien hy of sy op redelike gronde tevrede is dat die party versuim het om aan 'n vereiste van die Wet te voldoen; en

(b) die Sekretaris die opskorting beëindig indien hy of sy tevrede is, in die lig van die party se gevolglike gedrag, dat die opskorting nie langer geregverdig is nie.

(10) Die opskorting van 'n party se toewysings kan gelas word ingevolge subartikel (9) slegs indien die Sekretaris –

(a) deur middel van skriftelike kennisgewing die party ingelig het oor die voorgename opskorting en die redes daarvoor; en

(b) 'n beroep op die party gedoen het om redes te verstrek, binne die tydperk wat in die kennisgewing gespesifiseer word, waarom sy of haar toewysings uit die Fonds vir Politieke Partye nie opgeskort moet word nie.

(11) Die tydperk vermeld in subartikel 10(b) kan nie minder as 30 dae vanaf die datum van die kennisgewing wees nie.

HOOFSTUK 5 MONETÊRE BEHEERMAATREËLS, BESTUUR EN VERSLAGDOENING MET BETREKKING TOT FONDS VIR POLITIEKE PARTYE

Verhaling van geld onreëlmatig deur partye bestee

9.(1) Wanneer geld wat aan 'n party toegewys is ingevolge artikel 6 nie bestee is ooreenkomstig die vereistes van hierdie Wet nie, is die party en die rekenpligtige beampte van daardie party gesamentlik en afsonderlik, solidêr, aanspreeklik vir terugbetaling van die geld wat onreëlmatig bestee is, aan die Fonds vir Politieke Partye.

(2) Die Sekretaris, in sy of haar hoedanigheid as hoof- uitvoerende beampte van die Fonds vir Politieke Partye, moet die geld wat onreëlmatig bestee is, verhaal, en wel deur

–

(a) 'n siviele eis in te stel ten opsigte van die bedrag wat onreëlmatig bestee is, teen die party en die rekenpligtige beampte van die betrokke party; of

(b) die bedrag wat onreëlmatig bestee is, in rekening bring teen 'n toewysing wat aan daardie party verskuldig mag wees.

Onbestede geld aan einde van finansiële jaar

10. (1) Geld wat aan die einde van 'n finansiële jaar nie deur 'n party bestee is nie, moet in die rekeningboeke en -state van die party getoon word as 'n kredietsaldo wat oorgedra word na die volgende finansiële jaar: Met dien verstande dat –

(a) die geld wat oorgedra word, beperk kan word tot 'n bedrag wat 'n voorgeskrewe persentasie van die toewysings wat vir daardie finansiële jaar gemaak is, verteenwoordig; en

(b) die geld wat oorgedra word na die volgende finansiële jaar mag nie in berekening gebring word wanneer 'n toewysing aan die betrokke party gedurende daardie finansiële jaar bepaal word nie.

(2) Indien 'n party ophou om in die Provinsiale Wetgewer verteenwoordig te word, moet die party en die rekenpligtige beampte van die betrokke party, binne 21 dae van wanneer die party ophou om verteenwoordig te word, gesamentlik en afsonderlik, solidêr, enige onbestede balans, aan die Fonds vir Politieke Partye, betaal.

(3) Die Sekretaris in sy of haar hoedanigheid as hoof-uitvoerende beampte van die Fonds vir Politieke Partye, moet die onbestede balans waarna in subartikel (2) verwys word, verhaal en kan dit doen deur 'n siviele eis teen die party en die rekenpligtige beampte van die betrokke party gesamentlik en afsonderlik, solidêr in te stel.

(4) 'n Kredietbedrag in die Fonds vir Politieke Partye moet aan die einde van die finansiële jaar oorgedra word na die volgende finansiële jaar as 'n kredietsaldo.

Bestuur en beheer van Fonds vir Politieke Partye

11.(1) Die Sekretaris is verantwoordelik vir die bestuur en administrasie van die Fonds vir Politieke Partye, en is die rekenpligtige beampte en hoof- uitvoerende beampte van die fonds.

(2) Die Sekretaris moet vir elke finansiële jaar rekords hou ooreenkomstig algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk en prosedures van –

- (a) geld ontvang deur of die Fonds vir Politieke Partye toegeval het;
- (b) toewysings en betalings gemaak uit die Fonds vir Politieke Partye;
- (c) uitgawe wat voortspruit uit die toewysing van gelde uit die Fonds vir Politieke Partye.

(3) Die eerste finansiële jaar van die Fonds vir Politieke Partye moet geldig wees vanaf die dag waarop hierdie Wet in werking tree tot 31 Maart, eerste volgende, beide dae ingesluit.

Verslagdoening van Speaker aan Provinsiale Wetgewer aangaande Fonds vir Politieke Partye

12.(1) So gou as moontlik na die einde van elke finansiële jaar moet die Speaker –

- (a) 'n verslag voorberei aangaande die bestuur en administrasie van die Fonds vir Politieke Partye vir die 12-maande tydperk van daardie finansiële jaar; en
- (b) die jaarlikse verslag in die Provinsiale Wetgewer, nie later nie as 31 Augustus van elke jaar, ter tafel lê.

(2) Die jaarverslag moet –

- (a) die stand van sake van die Fonds vir Politieke Partye regverdig aanbied, sy toewysings, sy prestasie teen voorafbepaalde doelwitte en sy finansiële posisie soos aan die einde van die betrokke finansiële jaar; en
- (b) en die volgende insluit –
 - (i) die jaarlikse finansiële staat bedoel in artikel 13 insluit;
 - (ii) die ouditeursverslag rakende daardie state; en
 - (iii) sodanige ander inligting insluit as wat skriftelik deur die lid van die Uitvoerende Raad verantwoordelik vir finansies vereis of voorgeskryf mag word.

Oudits en finansiële state

13.(1) Die rekeningboeke en ander finansiële rekords van die Fonds vir Politieke Partye moet jaarliks deur die Ouditeur-generaal of deur 'n ouditeursfirma wat deur die Ouditeur-generaal goedgekeur is, geoudit word.

(2) Die jaarlikse finansiële state moet –

- (a) die bedrae ontvang deur en die Fonds vir Politieke Partye toegeval gedurende daardie finansiële jaar;
- (b) die toewysings gemaak uit die fonds vir Politieke Partye aan die onderskeie partye gedurende daardie jaar;
- (c) die bedrae bestee gedurende daardie finansiële jaar deur elke party in verband met doeleindes klassifiseerbaar onder die algemeen beskrywende kategorieë soos van tyd tot tyd voorgeskryf; en
- (d) die balans van die Fonds vir Politieke Partye en bedrae aan hom of deur hom verskuldig soos aan die einde van daardie finansiële jaar,

uiteensit.

(3) Die jaarlikse finansiële staat moet voldoen aan enige toepaslike nasionale en provinsiale wetgewende vereistes vir finansiële verslagdoening en rekeningkundige praktyke, met inbegrip van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999).

HOOFSTUK 6 ALGEMENE BEPALINGS

Ontbinding of verstryking van termyn van Provinsiale Wetgewer

14. Indien die Provinsiale Wetgewer ontbind of wanneer sy termyn verstryk, moet 'n party –

- (a) sy rekeningboeke en -state sluit, nie later nie as 21 dae voor die datum bepaal vir 'n verkiesing of binne 21 dae na die ontbinding of nadat die termyn verstryk van die Provinsiale Wetgewer verstryk het indien geen datum vir 'n verkiesing bepaal is nie;
- (b) binne 14 dae nadat sy rekeningboeke en -state gesluit is soos bedoel in paragraaf (a) hierbo, 'n geouditeerde verslag ten opsigte van daardie boeke en rekords aan die Sekretaris voorlê; en

(c) nie later nie as die dag onmiddellik voor die datum bepaal vir 'n verkiesing, die onbestede saldo's soos op die datum wanneer sy rekeningboeke en -state gesluit is, aan die Sekretaris terugbetaal.

Regulasies

15. Die Speaker kan, na oorlegpleging met die lid van die Uitvoerende Raad verantwoordelik vir finansies, en deur kennisgewing in die *Koerant*, regulasies uitvaardig wat in ooreenstemming is met hierdie Wet –

- (a) om die prosedure waarvolgens, die wyses in, die tussenposes of paaiemente waarin betalings uit die Fonds vir Politieke Partye bepaal en gemaak moet word, voor te skryf;
- (b) om die formule waarvolgens toewysings bereken moet word, voor te skryf;
- (c) om 'n doel te bepaal waarin die toepassing van artikel 6(2) nie verenigbaar is met die funksionering van 'n politieke party in 'n modern demokrasie nie;
- (d) om die inligting en besonderhede wat 'n party aan die Sekretaris moet voorsien ten einde behoorlike en doeltreffende toepassing en administrasie en nakoming van hierdie Wet te verseker, voor te skryf; en
- (e) aangaande enige ander aangeleentheid wat ingevolge hierdie Wet voorgeskryf kan of moet word, of wat nodig is om die bepalings van hierdie Wet te implementeer.

Likwidasie

16. Die Fonds vir Politieke Partye mag nie gelikwedeer word nie buiten ingevolge 'n Wet van die Provinsiale Wetgewer.

Kort titel en inwerkingtreding

17. Hierdie Wet heet die KwaZulu-Natal Wet op Befondsing van Verteenwoordigde Politieke Partye, 2008.